
# HERFSDANKFEES 2017

Skop solank die vere reg vir ons Herfsdankfees! DV op 10 Maart vanaf 17:00 hou ons weer in en om die kerksaal lekker basaar! Die speletjies vir die kinders begin om 16:00. Die teetuin in die "gat" onder die verhoog is ook vanaf 16:00 oop en heerlike wafels en roomys sal ook bedien word. Om 17:00 open die ander tafels en die Hap-en-Trap in die kerksaal—die deure open stiptelik 17:00 asseblief. Ons wil u almal nooi om lekker te kom saamwerk en saamkuier. Dit is hier waar ons mekaar beter leer ken en lekker bande smee. Ons gee vir u al die konvenors se telefoonnommers en vra vriendelik dat u sal skakel om u hulp aan te bied—ons het elkeen se hulp nodig!



- **KLEINKOEKIES:** Driekie en Angelina Strydom 6912955
- **BESKUIT en BROOD:** Marina Claassen 6912880
- **KOMBUIS:** Selma de Klerk 0845500554
- **SOSATIES EN HOTDOGS:** Aletta Hanekom 6932710
- **POEDING:** Annie van Zyl 6930440
- **KINDERTAFEL:** Jeanne 0842843378 en Karen 0846210055
- **PANNEKOEK:** Driekie Muller 6904372 of 0762377928
- **GROOT KOEKE/TERTE:** Elize Claassen 6912813 of 0839615136
- **KERRIEVIS:** Anna vd Weshuizen 0828213544 en Willa Thomas 082663968
- **TEETUIN:** Mari Lofty-Eaton 0721422313
- **WIT OLIFANTE:** Dries Wheeler 6934504 of 0827143322
- **TUISGEMAAKTE LEKKERS:** Elise Herselmann 6933776 of 0835606781
- **PASTEIE:** Karen Grobler 0825978550
- **DIE SPENS:** Carina Beyers 6912426 of 0825643633
- **VLEIS/MARKTAFEL:** André Kritzinger 6932462

Die volgende word benodig:

* Wildsvleis en hoender vir die pasteie
* Skaap, bees, en varkvleis vir die vleistafel
* Polistreenbakkies, foelieborde, 2L roomysbakke
* Suiker vir tuisgemaakte lekkers
* Margarien (nie lae vet), kookolie, eiers, koekmeel, langlewe melk
* Wit olifante en poedings vir die onderskeie tafels
* Tweedehandse speelgoed en kostuumjuwele.






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 19 Februarie 2017

*"Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie". (Jeremia 17:7-8)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir BADISA.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Kinderkerk vir Gr R-6 in die saal na die kinderoomblik in die diens. Vanaf 11:00 kuier ons by Diaz Waterpark.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Danie) en op Vleesbaai (ds *Robert). Ds André by die Kinderkerk.*

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Blommekomitee.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 ontmoet ds Danie 10:30 in die kerk se konsistorie. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 Santos 2; Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal.

Ds Robert: Dinsdag 09:00; Donderdag Boekleesgroep 18:15 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Robert).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog. Kerkraadsvergadering om 18:00 in die kerksaal.

**Vrydag:** Rietvlei Braai vanaf 16:30 in die kerksaal.

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** Februarie is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**DEUROFFERS:** Sinodale offer vir Jeugwerk was R2 060-90.

**KRUISPAD:** Geen agv kuier by die uitstappie.

**SPENS:** Heuning, ingemaakte produkte en potplantjies word benodig vir die basaar. Kan jy help?

**WIT OLIFANTE:** Word nog gesoek vir die basaar. Dries Wheeler sal dit kom optel, indien u dit nie kan bring nie.

**VLEISTAFEL:** Dankie vir elkeen wat reeds 'n bydrae gemaak het. Ons koop DV 3 beeste aan, asook 300kg volstruisvleis en derms, speserye, ens. Die verwerking van die vleis is DV 6-7 Maart.

**WOL:** Afval stukkies wol kan by die kerkkantoor ingehandig word.

**ALPHAKURSUS:** Vanaand 17:00-19:00.

**BROODKNIPPIES:** Baie dankie aan almal wat so getrou vir ons knippies bring. U kan nogsteeds na die kerkkantoor bring.

**WÊRELDBIDDAG:** Vrydag, 3 Maart om 10:00 in ons kerkgebou. Tema: "My genade is vir almal". Ons gaan ook daarmee saam 'n teetuin in die saal hê (fondse vir herfsdankfees).

**UP4SA:** Op 26 Februarie van 17:00-18:00 bid gelowiges dwarsoor Suid-Afrika vir ons land. Mosselbaai se byeenkoms is DV 17:00-18:00 in die VGK se kerkgebou in Grunterstraat. Aanwysings DV volgende week.

**KINDERTAFEL:** Ons benodig tweedehandse speelgoed en kostuumjuwele. Kan jy dalk help? Gee af by die kantoor of na ure by Danie de Jagerstr 34.

**POTJIEKOS:** Ons gaan 50 potjiekosetes by die Dankfees verkoop. Kaartjies @ R30 moet vooraf by die kantoor aangekoop word. Dis 'n skaappot met rys.

**PASTEIE:** Pasteie kan vooraf bestel word: wildspastei @ R70 en hoenderpastei @ R60. Skakel kerkkantoor vir bestellings.

### RIETVLEI BRAAI

24 Februarie vanaf 16:30. Braaivleis en slaai @ R60, poeding @ R10. Bring eie houers vir wegneem. Rou vleis te koop.

*Koop asb vroegtydig u kaartjie by die kerkkantoor om teleurstelling te voorkom.*



## GEBEDSBULLETIN

**Februarie se tema: SIEKES**

**Hierdie week se DANKIES:**
Loof Hom elke dag as jy gesond is!
Loof die Here vir talle mense wat kan getuig van besondere aanraking en genesing.
Vir uitstekende skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers, dosente, ouers en leerders.
Ons gemeente se betrokkenheid by vroeë-kind-ontwikkeling.

**Hierdie week se ASSEBLIEFS:**
Vir almal wat siek is (talle worstel met lewensbedreigende siektes). Neem die afkondiginge en bid by die naam vir mense.
Godsdiensvryheid in ons land.
Rietvleibraai en Herfsdankfees.
Kalmte en veilige omstandighede op Universiteite en Technikons vir student om te studeer.
Badisa (deuroffers) is 'n geregistreerde NPO en bied maatskaplike dienste en versorging vir alle soorte mense met ongeveer alle soorte behoeftes (Aanneming en swangerskapberading; bekamping van middel-afhanklikheid; bemagtiging van vroue; dienste aan ouer persone; gestremdesorg; jeugontwikkeling; kinder– en jeugsorgsentrums; kinderbeskermingsdienste; voorskoolse kinderontwikkeling en nasorg; werkskepping en armoedeverligting). Daar is 2 379 voltydse werknemers en 321 deeltydse werknemers asook 3 350 vrywilligers. Verder sluit dit in: 47 maatskaplikewerk kantore, 48 tehuise vir bejaardes, 23 dienssentrums, 26 kleuterskole en nasorgsentrums, 6 kinderhuise, 2 sentrums vir middel-afhanklikheid en 'n swangerskaps- en beradingsentrum.
Die VCSV (jaar-tema is '*Liefde kan vernuwe'*). Bid dat God hierdie jaar die lewens van jongmense in skole en op kampusse sal nuut maak deur die werk van die VCSV.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Daan Thomas Maroelastr, Erika Krause De Bosse, Johan Bester Heidepark, Pieter Kempen Boggomsbaai, Sophie Honiball Vleesbaai, Aletta Perry Boggomsbaai, Madie Stander 21ste Laan, Johan Meyer 12de Laan, Hettie van der Heyde 17de Laan, Francois du Toit 21ste Laan, Willem Pozyn McKinnerystr, Marlene Ellis Nuture Park, Ans Cilliers Santos Haven, Danie van Rensburg Kanon, Magriet de Villiers Leefstyl aftreeoord, Kotie Oosthuizen Fijnboschpark

**STERFTE:** Broer van Assie van Rensburg Maroelastr.